LEEF JOU REIS
met GERRIE PRETORIUS

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

TOER DATUMS: 4-9 DESEMBER 2024

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

KOSTE: $2,250.00* PER PERSOON WAT DEEL | $2,980.50* PER ENKEL PERSOON, INDIEN BESKIKBAAR
*LET DAAROP DAT DIE AANTAL ENKELKAMERS BEPERK IS EN IN SOMMIGE GEVALLE MAG DIT NIE MOONTLIK WEES OM `N ENKELKAMER TE BESPREEK NIE

DAG 1
WOENSDAG, 04 DESEMBER 2024

"START YOUR ENGINES...3....2....1"

Die adrenalien loop hoog op dag 1 wanneer die Leef jou Reis span jou inwag by die lughawe, reg vir ons gerieflike vlug na Dubai!
(etes ingesluit aanboord)

DAG 2
DONDERDAG, 05 DESEMBER 2024

Ons arriveer vroeg in Dubai en met die aankoms staan ons luukse bus met lugversorging reg om ons na die hotel te neem. Daar kan jy eers 'n lekker ontbyt geniet en jou tas gratis stoor voor jy Dubai begin verken, aangesien ons eers om 14h00 kan inboek.

Die hotel is geleë by die Dubai Marina - 'n lewendige en skouspelagtige omgewing wat omring is deur 'n groot verskeindenheid winkels en restaurante.

'N ONGELOOFLIKE TOER NA ABU DHABI OM DIE F1 TE BELEEF

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

Dié wat die Persiese Golf wil geniet kan ook binne 'n paar minute se ry by die Palm Jumeirah strand gaan ontspan. (Palm Jumeirah is een van die grootste mensgemaakte eilande ter wêreld). Ons hotel is ook 30km vanaf die "Gold Souk" waar die antieke Bazaar jou verwelkom met tradisionele items vanuit die Midde-Ooste.

Om 18h30 kry ons mekaar by die hotel se kroeg vir 'n komplimentêre drankie. Ons weet sommige van julle sal dalk 'n Red Bull ook moet inwerk, want die opwinding van die eerste aand roep! Jy sal Dubai en aandete kan geniet op jou eie pas en natuurlik is die Leef jou Reis span naby om te help met enige voorstelle.

Alternatiewe aktiwiteite vir jou oorweging:

- Woestyn Safari waar jy die duine met 'n 4x4 kan ry en 'n tradisionele woestyn "braai" kan geniet.
- Luukse skemervaart om die hawe van Dubai
- Hero Bootvaart waar jy in en om die hawe van Dubai jou eie "rubber-duck" kan stuur teen 50km/h. Geen lisensie word benodig nie – net so bietjie bravade!

Oornag by die Rove Hotel Dubai Marina 3*
(Ingesluit: ontbyt by hotel met 'n verwelkomingsdrankie)

DAG 3
VRYDAG, 06 DESEMBER 2024

Omdat jy dalk 'n bietie "pap tyres" vanoggend mag hê, kan jy 'n laat ontbyt geniet voor jy die vele ander aktiwiteite en besienswaardighede van Dubai gaan verken, voordat ons die naelbyt stryd tussen "the fast and the furious" moet deursien.

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

Van die besienswaardighede om te oorweeg:
Die Burj Khalifa, wat 828m hoog staan, is die hoogste gebou ter wêreld en een van Dubai se “must see” besienswaardighede. Dié majestueuse gebou is in die hartjie van die stad geleë en is ‘n middelpunt van bedrywighede, dag en nag. Om net met verwondering op te kyk na die omvang van hierdie manjifieke struktuur is onvergeetlik, maar ons kan jou ook sterk aanraai om dit van binne nader te bekyk.

So 20 minute se ry buite die moderne strate van Dubai se middestad, wag die mistieke van die Arabiese woestyn. Vra die Leef jou Reis span vir advies oor watter aktiwiteite ‘n aksiebelaaide woestynsafari jou kan bied, insluitende vierwielmotorfietsry, “sandboarding”, kameelritte, “henna-tattooes” of die fees van ’n egte woestynbraai onder die sterre!

Jou keuses is eindeloos - bootritte, waterparke, museums of tegnologie winskopies! Wees gewis, jou tyd is kort voor ons die rooi ligte begin aftel.

Oornag by die Rove Hotel Dubai Marina 3*
(Ingesluit: ontbyt)



2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

DAG 4
SATERDAG, 07 DESEMBER 2024

Na ‘n lekker ontbyt, pak ons ons tasse en vertrek na Abu Dhabi, waar ons ons volgende twee nagte gaan deurbring by Le Meridien Abu Dhabi Hotel.

Die hotel is ‘n historiese ikoon uit die 20ste eeu, wat in 1979 deur die Vader van die Nasie, Sheikh Zayed, en Haar Majesteit Koningin Elizabeth ingehuldig is, netjies geleë in die middestad, naby aan die Abu Dhabi winkel sentrum.

By die renbaan is ons tuiste die suidelike hoof-pawiljoen wat geleë is by die suidelike oase wat uitkyk oor die Marina. Dit spog met een van die mees indrukwekkende uitsigte in Formule 1 waar renjaers teen uiterste hoë spoed die nuut aangepaste draai-9 moet aandurf. Dié 18 meter haarpin draai bring die beste van die beste jaers teen mekaar, voor hulle weer verdwyn in die verte.

Jou F1 kaartjies sluit toegang tot vermaak areas in sowel as die F1 ontspanningsdorp en die konserte wat na die resies aangebied word. Na die kwalifiserende rondtes en die uitleg van die wegspringplekke bepaal is, het jy die geleentheid om die musikale skouspel van die Abu Dhabi Grand Prix konsert by te woon.

In die verlede het kunstenaars en DJ’s soos Beyonce, Smokey, Shania Twain en Eminem opgetree. Maak dus gereed vir onvergeetlike optredes deur bekende kunstenaars en nog ‘n aand gevul met die beste vermaak.

As jou gô bietjie uit is en jy eerder ’n rustiger aand sou verkies, is daar ’n opsie vir ’n vroeër terugrit na die hotel. Ons volgende dag is immers nog ‘n groot dag en daar is weer vermaak en konserte wat wag na die resies.

Oornag by die Le Meridien Abu Dhabi 5*
(Ingesluit: ontbyt)

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

DAG 5
SONDAG, 08 DESEMBER 2024

Vandag is daar geen brieke, want die hoogtepunt waarvoor Formule 1 entoesiaste al die hele jaar wag, is uiteindelik hier! Ons vertrek om 12h00 vanaf Dubai na Abu Dhabi vir die opwindendste resies van die jaar by die mees indrukwekkendste baan, waar 'n topspoed van meer as 330 km/h behaal kan word.
Met 16 draaie en lekker lang reguit stukke is die 5,2 km baan verseker dié top baan in Formule 1.

Dit was 'n jaar gevul met drama en interne politiek, waar baie op die spel is wanneer die nuwe wêreldkampioen gekroon gaan word. Niemand gaan dit egter vir sy mede-renjaers maklik maak nie, so jy kan verseker wees van 'n naelbyt resies! Gaan Mercedes Bens en Ferrari vir Max Verstappen toelaat om vir n 4de keer die kroon te vat? Weddenskappe is oop...

Na die einde van die F1 het jy weer 'n geleentheid om die musikale skouspel van die Abu Dhabi Grand Prix konsert by te woon met internasionale kunstenaars. Dit is mos jou laaste aand, so voel vry om jouself oor te gee aan die adrenalien van F1 saam met al die ander passievolle besoekers van regoor die wêreld!

Oornag by die Le Meridien Abu Dhabi 5*
(Ingesluit: ontbyt)

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

DAG 6
MAANDAG, 09 DESEMBER 2024

Die Red Bull het uitgewerk en na al die opwinding is dit is tyd om huiswaarts te keer. Wees gerus - volgende jaar maak ons weer so, maar indien jy langer wil bly of verder wil reis, gesels gerus met Leef jou Reis om jou met enige reëlings te help.

WAT OM NOU TE DOEN

Hier is die maklike stappe om te volg indien jy jou bespreking wil verseker:

STAP 1:

Laat weet as jy by ons wil aansluit vir hierdie opwindende toer deur jou e-pos adres en selnommer aan leefjoureis@twf.co.za te stuur. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van jou deposito.

STAP 2:

Hierdie reisplan is baie volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n Whatsapp groep vir verdere kommunikasie. Maak dus asb seker dat jy jou regte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het stuur gerus 'n epos of 'n Whatsapp na 082 923 3626; ons help graag.

STAP 3:

Raak solank opgewonde en begin uitsien na die F1 wedren van jou lewe!

INGESLUIT:

- Groep reisversekering tot ouderdom 74
- 2 nagte hotelverblyf by die Rove Hotel Dubai Marina 3* op 'n bed & ontbyt basis
- 2 nagte hotelverblyf by die Le Meridien Abu Dhabi 5* op 'n bed & ontbyt basis
- Retoer lughawe vervoer
- 1 verwelkomingsdrankie
- Vervoer vanaf Dubai na Yas Marina renbaan op die Saterdag en tussen die renbaan en Le Meridien in Abu Dhabi die Sondag
- F1 Naweek kaartjie vir die Suid-oase pawiljoen sitplek
- Toegang na al die aktiwiteite en konserte en die ontspanningsterein na afloop van die Formule 1 op die Saterdag en Sondag.

UITGESLUIT

- Vlugte gebaseer op 'n retoer prys vanaf Johannesburg na Dubai
- Aandetes (tensy gespesifiseer)
- Middagetes (tensy gespesifiseer)
- Drankies (tensy gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele aktiwiteite
- Fooitjies
- Visum aansoeke
- Vlugte in Suid-Afrika, indien benodig

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

PRYS

$2,250.00* per persoon wat deel

$2,980.50* per enkel persoon, indien beskikbaar

*Let daarop dat die aantal enkelkamers beperk is en in sommige gevalle mag dit nie moontlik wees om `n enkelkamer te bespreek nie.

DINGE OM TE ONTHOU

Die toer is onderhewig aan voorkeur vir eerste besprekings wat gemaak word.

Die deposito van R10 500,00 waarborg jou plek en is nie terugbetaalbaar nie, aangesien jou deposito en administrasie fooi oorbetaal word aan ons verskaffers om ons groepsbespreking te waarborg. Kyk na ons webwerf vir volledige bepalings en voorwaardes.

Die wisselkoers is gebasseer op 1 Euro = 21, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille gedurende betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op bedrag en datum wat ons verskaffers betaal. Sou die geld eenheid daal to laer as 1 Euro = 21, sal die prys aangepas word op die finale faktuur.

2024 | ABU DHABI: FORMULE 1

4-9 DESEMBER 2024

DEPOSITO & BETALING

- Jou **deposito verseker jou bespreking** en jou plek op hierdie wonderlike toer.
- Die **deposito van R10 500.00 is *nie terugverhaalbaar** nie en is betaalbaar met hierdie bespreking. *Hou in gedagte dat ons onder verpligting is om deposito's en administrasie fooie aan ons verskaffers te betaal om ons groepbesprekings te waarborg en kan dit nie terugkry nadat dit reeds betaal is nie. Kyk na ons webwerf vir ons volle bepalings en voorwaardes.
- 'n **Tweede betaling van R10 500.00 is betaalbaar teen 15 April 2024,** en die uitstaande balans is betaalbaar 60 dae voor vertrek van die toer.
- Hierdie pryse is gebaseer op EFT-betalings.
- Die reisplan kan wissel na gelang van die besluit van die reisoperateurs en ook gebaseer op veiligheid.
- In die verlede het ons net heerlike weer beleef - maar bring gerus klere vir koeler aande en skielike verandering in die weer.

BANKBESONDERHEDE

LeefJouReis TWF, Standard Bank, Takkode: 051001,
Rekeningnommer: 012324523
Deposito verwysingsnommer: F1ABU + NAAM & VAN. Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende

@GerrieOfficial

@Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius